



**KANGNAS
WIND FARM**



KANGNAS-WINDKRAGAAANLEG GEMEENSKAPSNUSBRIEF

Mei 2021

WEBGEBASSEERDE WISKUNDE-PLATFORM OM HOËRSKOLE TE HELP

Die Kangnas-windkragaanleg het saam met die Noord-Kaapse Departement van Onderwys gewerk om 'n webgebaseerde platform aan leerlinge en onderwysers te bied. Die platform is aan die nasionale kurrikulum gekoppel en word by 10 skole uitgerol. Die projek sal tegnologie met die klaskamer te integreer.

As deel van die program sal 'HeyMath'-sagteware, sowel as opleiding en ondersteuning aan onderwysers gebied word. Dit is daarop gemik om die opvoedkundige fundamente van Graad 7, 8, 10 en 12 leerlinge te versterk en hulle te help om Wiskunde tot in die verdere onderwys- en opleidingsfase te neem.

Dit behoort leerlinge se selfvertroue te verbeter, leerlinge te help om eksamen-hersiening te doen en om hulpbronne met behulp van mobiele toestelle aan leerlinge beskikbaar te stel.




“Dit is 'n toevoeging tot ons opvoedkundige program wat op tegnologie en kapasiteit in skole toegespits is”

Cheryl Persensie, Kangnas-windkragaanleg.

WI-FI BY HOËRSKOLE

As deel van die Kangnas-windkragaanleg se projek om digitale tegnologie aan skole in die Nama Khoi-gebied beskikbaar te stel sal die windkragaanleg die installering van **Wi-Fi netwerke en konnektiwiteit befonds**.

Skole wat uit die projek baat sluit St Anna High School; Nababeep Hoërskool; SA Van Wyk Hoërskool; Concordia Hoërskool en Okiep Hoërskool in.



SLIMBORDE VIR KLASKAMERS

Ou swartborde is besig om plek te maak vir elektroniese slimborde, wat onderwysers se vaardighede sal aanvul en 'n doeltreffender leeromgewing sal skep, veral in die sogenaamde "STEM"-vakke (Wetenskap, Tegnologie, Ingenieurswese en Wiskunde). Die nuwe slimborde vul die Departement van Onderwys se strategie om digitale tegnologie aan plaaslike hoërskole beskikbaar te stel aan.

"Die slimborde is ontsettend voordelig en neem ons klaskamers die 21ste eeu binne." Marischa Stevens, 'n onderwyser by die SA Van Wyk Hoërskool.